LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD

Van der Stelstraat, Bellville 7530

Tel. (021) 948-3654
Faks: (021) 949-2087
E-pos: lbnoord@bnprim.co.za
Webadres: http://www.bnprim.co.za

Omsendskrywe 12/2018

Geagte Ouers/Voogde

Hierdie (laaste) omsendskrywe van 2018 is 'n algemene inligtingsbrief vir u kennisname.

Belangrike datums (jaareinde en Januarie 2019)

Die kaskarkenades was 'n baie groot sukses. Die totale inkomste van die leerlinge se vorms het R52 125.00 beloop. R4 460.00 is aan die leerlinge teruggegee as 'n aansporing. Die OOV het verversings verkoop; baie dankie aan elkeen wat hul tyd in hierdie verband opgeoffer het!

Rapporte

Die grondslagfase se rapporte is reeds op Vrydag, 7 Desember, uitgehandig. Die graad 4 tot 6 rapporte word aan die leerlinge besorg op Dinsdag, 11 Desember. Die graad 7 rapporte word saam met die oorplasingsvorms aan die graad 7-leerlinge gegee net na Uitstapdag op 12 Desember 2018. Leerlinge ontvang ook die Noordwaarts skoolkoerant as 'n aandenking en oorsig van 2018 se skoolverrigtinge. 'n Lys van skryfbehoeftes ook by elke rapport ingesluit, wat van toepassing is vir 2019. Dit sluit die graad 7's uit.

Skoolsluiting

Die skool sluit vir leerlinge op Woensdag, 12 Desember, om 10:45. Tref asseblief gepaste vervoer reëlings in hierdie verband, indien u kind nie in die naskoolsentrum geakkommodeer word nie.

Oorplasingsvorms

Indien leerlinge verhuis of na ander skole sal gaan in 2019, sal 'n oorplasings-sertifikaat voorsien word, indien hulle die skool **in kennis** gestel het. Dit is 'n belangrike dokument wat u beskikbaar moet hê wanneer die leerling in 'n volgende skool ingeskryf word.

Skoolfonds

Baie dankie aan alle ouers en voogde wat hul skoolfondsverpliginge nougeset nagekom het. Neem asseblief kennis van die volgende Konstitusionele hofuitspraak (SAFFER: 2018) In verband met van hierdie saak word bevestig dat biologies ouers

gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die volle jaar se skoolgeld. Geen onderhoudsbevel (skikkingsakte tussen geskeide ouers) het 'n invloed daarop nie, asook toegangsregte ens. is irrelevant. Beide ouers is verantwoordelik vir die volle bedrag skoolgeld. Indien een ouer onopspoorbaar is, kan daar teen die ander ouer voortgegaan word vir die invordering van die volle bedrag.
Die skoolgeld en naskoolsentrumfooie vir 2019 word weereens aangeheg.

SKOOLGELD VIR 2019

	Per jaar	**10 Paaiemente** Feb. tot Nov.
Eerste kind	R 8 900	R 890 x 10
Tweede kind	R 8 900	R 890 x 10
Totaal (2 kinders)	R17 800	R1 780 x 10
Derde kind	R 2 000	R 200 x 10
Totaal (3 kinders)	R19 800	R1 980 x 10

Preprimêr	R 9 000	R 900 x 10
Preprimêr is nie 'n verpligte skooljaar nie en sodanige leerlinge kwalifiseer nie as derde kind (R1 650 per jaar) nie.		

NASORGGELD VIR 2019

Kos ingesluit **Voldag**	Per jaar	11 paaiemente Jan. tot Nov.
Een kind	R 9 020	R 820
Twee kinders	R17 600	R1 600
Drie kinders	R25 740	R2 340
VOORSKOOLSORG		
Soggens Noodbywoning	R 2 420	R 220 R 20 per oggend

* **SKOOL- & NASORGGELD:**

SLEGS **DIREKTE INBETALINGS:**
SKOOLGELD & NASORGGELD (MOET **APART** INBETAAL WORD) MET KORREKTE VERWYSINGS. **Indien dit nie korrek is nie, kan inbetaling nie korrek geboekstaaf word nie.**
LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD
ABSA: 1450490551
TAKKODE: 632005
VERWYS: SKOOL – bv: B01 A BOTES
NASORG – bv: N/S A BOTES

Daar is drie belangrike aspekte waarvan u moet kennis neem.

- Indien u die volle skoolfondsbedrag sou vereffen voor /op 7 Februarie 2019, ontang u 'n 10 % korting (R890) op die R8 900 (tien paaiemente) u betaal dus R8 010 (in effek 9 paaiemente).
- Daar is geen korting op naskoolsentrumfooie nie. Dit is in 2019 betaalbaar oor 11 maande (neem in ag dat die naskoolsentrum vir leerlinge op 7 Januarie 2019 en sluit op 13 desember 2019; dit is dus meer as 11 maande).
- Geen kontantbetalings nie (slegs EFT en debietorders).

Klerebank

Die nuutste pryse van skooldragitems word by hierdie skrywe ingesluit. Die klerebank is op Maandag, 7 Januarie 2019 oop. Die tye sal soos volg wees vir die eerste week van skool.

Maandag, 7 Januarie 2019: 9:00 – 11:00
Dindsdag, 8 Januarie 2019 : 8:00 – 11:00

Woensdag, 9 Jauarie 2019: 7:30 – 11:00
Donderdag, 10 Januarie 2019: 7:30 – 11:30

Kaartfasiliteite sal vir Maandag en Dinsdag beskikbaar wees.

Vanaf week 2 (14 – 18 Januarie) is die klerebanktye weer normaal, en wel soos volg:

Dinsdae : 17:00 – 18:00
Donderdag : 07:30 – 9:30

Vanaf 24 Januarie sal slegs kaartfasiliteite vir klerebanktransaksies beskikbaar wees. Geen kontant sal aanvaar word nie, as gevolg van die veiligheidsrisiko.

Graad R

Geen kwytskelding is van toepassing vir graad R nie. Geld is vooruitbetaalbaar. Nie-nakoming van finansiële verpligtinge word, volgens protokol, aan die invorderings-prokureur oorhandig. Graad R inskrywings vir 2020 kan vanaf 15 Januarie vir mev. Lambrechts gestuur word. Die Graad R-opedag vind plaas op 23 Februarie 2019. Meer inligting sal volg in die nuwe jaar.

Kleureatletiekbyeenkoms (18-19 Januarie 2019)

Die dirigente van Goud en Blou is reeds druk besig! Teken solank hierdie twee datums (veldnommer en baanbyeenkoms onderskeidelik) aan op u dagboek. As u 'n beampte kan wees, sal ons u graag wil inspan tydens hierdie byeenkomste.

Ons neem afskeid

Dit is met baie nostalgie dat ons nou van mev. Bekker moet afskeid neem. Hierdie formidabele "Afrikaans-juffrou" tree amptelik uit diens (met pensioen). Ná 28 jaar by Laerskool Bellville-Noord, waar sy diep spore getrap het, is dit nou tyd vir rus, familie en kleinkinders! Haar passie vir skool en kinders sal opreg gemis word deur die skoolgemeenskap. (Lees meer oor Juffrou Bekker in die Noordwaarts-skoolkoerant).

Juffrou Carien de Beer het 'n betrekking aanvaar by W.A. Joubert in die Paarl vanaf 1 Janaurie 2019. Sy en haar toekomstige eggenoot sal hulle in Wellington vestig. Ons gaan hierdie sprankelende graad 2-juffrou mis, en wens haar baie voorspoed toe met die volgende getroude fase van haar lewensreis!

Personeel 2019

Graad R1	-	Me. E van Eeden Me. E. Lambrechts is op 'n deeltydse basis 'n assistent by die graad R-klasse. Sy is ook die skool se debiteure-klerk.
Graad R2	-	Me. M. Walters
Graad 1A	-	Me. C. Etzebeth
Graad 1B	-	Me. Z. Hugo
Graad 1C	-	Me. E. Williams is met kraamverlof (Me. N. Taylor sal aflos tot 31 Maart. Sy en haar man Demetri het 'n seun ryker geword.

Graad 2A	-	Me. C. Aspeling
Graad 2B.	-	Me. M. Swanepoel
Graad 3A	-	Me. H. Roux
Graad 3B	-	Me. A. Sleigh
Graad 4A	-	Me. M. McCarthy
Graad 4B	-	Me. J. Cilliers
		Mnr. Lötter gee vakonderrig vir graad 4 en 5 en is ook in beheer van die administrasie van die skool se webwerf, D6 kommunikeerder en BN-facebook
Graad 5A	-	Me. E. Uys
Graad 5B	-	Me. I. Theron
Graad 6A	-	Me. E. Basson
Graad 6B	-	Mnr. J. Terblanche
Graad 7A	-	Mnr. J. Viviers
Graad 7B	-	Me. P. Gustafson

Mnr. W. Annandale is die L.O.-onderwyser en sal ook sportontwikkeling koördineer.

Me. D. Roelofse (sekretaresse, admin en ontvangs)
Me. A. du Preez (finansiële beampte)

Mnr. J. Mostert (skoolhoof)
Mnr. A Alers (opsigter)
Dr. W. Kretschmer (Voorsitter : Beheerliggaam)
Mnr. C.J. Scholtz (Voorsitter : OOV)

Musiekonderrig:

Mee. E. Fox en R. de Necker bied privaat musiekonderrig aan by die skool. U sal met die eerste omsendskrywe van 2019 meer inligting hieromtrent ontvang. Hierdie dames, sowel as me. Hugo doen baie moeite om ons junior en senior kore af te rig. Ons doelwit is om ons koorgetalle in 2019 te vermeerder en versoek ouers om hul kinders vir stemtoetsing beskikbaar te stel aan die begin van 2019.

Veiligheid:

Ouers meld aan by die sekretaresse wanneer 'n leerling gehaal moet word. Die leerling word uitgeteken. Indien 'n besoeker in die skoolgebou sou inbeweeg, word 'n besoekerskaartjie uitgereik en die besoekersregister word geteken. **Geen persoon word toegelaat om via ander ingange die skool te betree nie.**

Ons kinders se skool- en verkeersveiligheid is ononderhandelbaar! Die volgende hekreëlings word in 2019 toegepas: Cornwellstraat (draaisirkel: hek permanent gesluit. Geen toegang vir graad R-ouers/voogde via hierdie hek nie. Killarneystraat: hek permanent gesluit. Rathgarstraat: hek slegs oop in soggens vanaf 07:00 tot 07:50 vir graad R-tot 2-leeringe. Van der Stelstraat (naskoolsentrumhek): oop vanaf 06:15 tot 07:50 (sluit wanneer skool begin). Van der Stelstraat (hoofhek) : oop vanaf 07:00 tot 07:50 (indien 'n leerling laat sou aanmeld vir skool, is dit die **enigste toegangshek** Die sydeure sal gesluit wees,

vanaf 07:00 tot 07:50 vir graad R-tot 2-leeringe. Van der Stelstraat (naskoolsentrumhek): oop vanaf 06:15 tot 07:50 (sluit wanneer skool begin). Van der Stelstraat (hoofhek) : oop vanaf 07:00 tot 07:50 (indien 'n leerling laat sou aanmeld vir skool, is dit die **enigste toegangshek** Die sydeure sal gesluit wees, en die leerlinge beweeg dus deur die hoofingang van die skool. Ouers/voogde word dringend versoek om die padveiligheidsreëls te eerbiedig. Let op die plasing van bakens, en tree hoflik op teenoor ons ouers wat vrywillig hekdiens doen. Enige ouers/voogde, wat bereid is om in 2019 hekdiens te doen, kan mnr. Viviers kontak by die skool (Voorsitter van die Veiligheidskomitee).

Toediening van medikasie:

Nuwe medikasiebriewe sal aan die begin van die nuwe skooljaar aan ouers/voogde voorsien word, wat nougeset voltooi moet word.

Nuwe skooltye vir 2019:

Die roostertye moet aangepas word om Xhosa in te pas (intreevlak vir graad 1 en 2). Ons moes ook addisionele tyd inbou vir 'n saalperiode op 'n Vrydag, om nie onderrigtyd in te boet nie. Die tye is dus soos volg:

- Graad R: Skool begin 07:40 verdaag om 12:30.
- Graad 1-2: Skool begin 07:40 verdaag om 13:15.
- Graad 3: Skool begin 07:40 verdaag om 14:20, behalwe Vrydae om 13:15
- Graad 4-7: Skool begin 07:40 verdaag om 14:20

Die sportoefentye word dus ook aangepas op die skool se buitemuurse program. Die naskoolsentrumtye word ook dienooreenkomstig aangepas.

Kommunikasie:

U sal met die aanvang van die nuwe skooljaar inligtingsvorms ontvang, wat u asseblief volledig moet voltooi. In hierdie era van elektroniese kommunikasie gaan ons al hoe meer kontak met ouers maak via:

- Die skool se webwerf (http://www@bnprim.co.za).
- D6-kommunikeerder; omsendskrywe word in PDF-formaat gelaai.
- Facebookbladsy (Bellville-Noord-facebook) . Die skool se logo verskyn daarop en word deur mnr. Lötter geadministreer.

Skoolborde en logo:

Twee nuwe skoolborde is opgerig te Avondale- en Van der Stelstraat. Daarop is die skoolwapen aangebring, sowel as ons slagspreuk : " Die omgee-skool, met 'n plattelandse hart".

Graad R:

Graad R-ouers/voogde moet hul kinders in 2019 direk na die buitedeur neem naaste aan Killarneystraat, waar hulle ontvang sal word. Dit sal in die toekoms die deur wees waar leerlinge ontvang en verdaag sal word.

SKOOLKWARTALE EN OPENBARE VAKANSIEDAE VIR 2019 (BINNELANDSE EN KUSPROVINSIES)

1. Die goedgekeurde skoolkalender vir 2019 is soos volg:

Kwartaal	Open	Sluit
Eerste	07 Januarie (opvoeders) 09 Januarie (leerlinge)	15 Maart
Tweede	02 April	14 Junie
Derde	09 Julie	20 September
Vierde	01 Oktober	04 Desember (leerlinge) 06 Desember (opvoeders)

Geniet die komende vakansie. Indien u ver paaie ry, reis veilig! Koester die familie. Die naskoolsentrum heropen 7 Januarie om 07:00. Die onderwysers begin 7 Januarie 2019. Die leerlinge begin Woensdag, 9 Januarie 2019, om 07:40.

Vriendelike groete

J. Mostert
SKOOLHOOF

W. Kretschmer
VOORSITTER : BHL

11 Desember 2018

LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD

KLEREBANK PRYSLYS VANAF 29 OKTOBER 2018 - 2019

PRYSE IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING

SWEETPAKKE	TOTAAL	BROEKE	BAADJIES
5-6	R360.00	R150.00	R210.00
6-7	R360.00	R150.00	R210.00
7-8	R380.00	R160.00	R220.00
8-9	R390.00	R160.00	R230.00
9-10	R410.00	R170.00	R240.00
10-11	R410.00	R170.00	R240.00
Klein	R430.00	R170.00	R260.00
Medium	R430.00	R170.00	R260.00
Groot	R440.00	R180.00	R260.00
X-Groot	R440.00	R180.00	R260.00
XX-Groot	R460.00	R190.00	R270.00
SKOOLROKKE			
5-6 (5) ; 6-7 (6)			R330.00
7-8 (7) ; 8-9 (8)			R330.00
9-10 (9) ; 10-11 (10)			R340.00
11-12 (11) ; Klein (12)			R340.00
Medium (13)			R350.00
Groot (14)			R350.00
X-Groot (15)			R360.00
XX-Groot (16)			R370.00
XXX-Groot (17)			R370.00
WINDJEKKERS			
6-7 ; 7-8			R400.00
8-9 ; 9-10 (K-K) ; 10-11 (K-M) ; 11-12 (K-L)			R400.00
Klein (K-XL)			R410.00
Medium			R410.00
Groot			R420.00
X-Groot			R420.00
LO-BROEKE			
6-7 ; 7-8 ; 8-9 ; 9-10 ; 10-11 ; Klein ; Medium ; Groot			R100.00
X-Groot ; XX-Groot			R120.00
GHOLFHEMDE – WIT (EINDE VAN DIE REEKS)			
26-42			R70.00
GHOLFHEMDE - BLOU			
6-7 (24)			R210.00
7-8 (26) ; 8-9 (28)			R220.00
9-10 (30) ; 10-11 (32)			R230.00
11-12			R230.00
Klein (34) ; Medium (36)			R240.00
Groot (38) ; X-Groot (40)			R240.00
XX-Groot (42)			R250.00
DASSE			
Knoop			R80.00
Rek			R80.00
KRIEKETSOKKIES			
X-Klein (9-12) ; Klein (12-3) ; Medium (4-7) ; Groot (7-10)			R80.00
HOEDE			
Klein (54cm) ; Medium (57cm) ; Groot (60cm)			R140.00
NETBALHEMDE (Slegs vir wedstryde)			
XX-Klein			R120.00
X-Klein			R130.00
Klein			R130.00
Medium			R140.00
Groot			R140.00
X-Groot			R150.00
XX-Groot			R150.00
SERPE			R50.00
SPORTSAKKE			R230.00
TASSE			R290.00

Kontakpersoon: Marinda Davey

Dinsdae: 17:00 – 18:00 en
Donderdae: 07:30 – 09:30